

Terugvoer Sinodale Diensraad Vergadering 24 Februarie 2021

1. **Dit was so lekker** vir die 12 lede van die Sinodale Diensraad om mekaar te sien in lewende lywe in plaas van op 'n rekenaarskerm. Die eerste uur en 'n half van die dag se vergadering was spandeer om te hoor hoe dit met elkeen gaan. Ons het net weer besef hoe groot die druk is wat die grendeltyd plaas op ons onderlinge verhoudinge.
2. **Dit was egter sleg** om so 'n groot deel van die vergadering se tyd te spandeer aan hofsake en klagtes en tugsake. Kom ons bid dat die Here hierdie kultuur sal beëindig sodat ons kan fokus op ons roeping as Kerk en die uitdra van die Evangelie.
3. Ons het kennis geneem van gemeentes se stryd om **finansieel** kop bo water te hou en steeds effektief te funksioneer om 'n verskil in mense se lewens te maak. Ten midde van die Covid-19 pandemie het meeste gemeentes die afgelope boekjaar finansieel positief afgesluit en kon hulle ook hulle Sinodale bydraes vereffen. Ons het almal in hierdie onsekere tye geleer om met geloof vorentoe te gaan en ons oë op die Here te fokus en te weet dat Hy ons ook in die nuwe boekjaar sal versorg en lei.
4. Ons is dankbaar dat ons die bemaking van die **De Jager Steyn Fonds** kon deurgee vir die bediening in Boskoprand waar Walter Loots al vir 30 jaar lank in die Wildtuin werk. Ons dank die Here dat hy volhard in 'n bediening waar 80% van die mense werkloos is en waar HIV, Covid-19 en sangomas baie hoë eise stel aan die bediening.
5. Die reëlings vir 'n **Rampfonds** (Sin Oos Seën) is gefinaliseer sodat ons met groot rampe nou georganiseer hulp kan verleen.
6. Die Diensraad bid ook die Here se seën toe vir elke gemeente in hierdie **Paastyd**. Mag die Paasfees in hierdie grendeltyd 'n geestelike hoogtepunt wees as ons dit vier in die gemeentes en in ons huise. Mag ons elkeen by die Kruis 'n nuwe ontmoeting met Jesus beleef sodat ons gereinig, versterk en met nuwe visie en toewyding vorentoe sal gaan.

Geseënde Paasfees!

Dirkie van der Spuy